

Donderdag 7 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 9:1-14

Fokusgedeelte: Numeri 9:3

Julle moet dit doen ... sodat julle nie vergeet nie!

In die gelese gedeelte vind ons die herinnering aan die Here se voorskrifte vir die viering van die paasfees. Dag, (D)atum en (W)yse word deur God bepaal en só ook (W)ie daaraan moet deelneem.

Die paasfees was natuurlik die fees ter gedagtenis aan die volk se uittoeg uit Egipte. Die grootse reddingsdaad van God, waarna daar meer as 300 keer in die Bybel verwys word. En die Israeliete ... moet dit vier, sodat niemand dit ooit sal vergeet nie!

God wil seker maak dat hulle en hulle nageslag (9:10) en selfs die vreemdelinge onder hulle (9:14), nie sal vergeet wat Hy vir hulle in Egipte gedoen het nie! Daarom laat God in genade toe dat ook hulle wat volgens die Joodse wette onrein is (wat aan 'n lyk geraak het), asook hulle vir wie dit onmoontlik was (wat op 'n ver reis was), om 'n maand later dieselfde (paas)fees te vier en hulle offergawes te bring! God wil nie dat hulle vanweë hulle omstandighede uitgesluit word nie, en ook dat hulle dit as verskoning kan gebruik waarom hulle nie aan die opdrag van die Here gehoor gegee het nie! Daarom kondig die Here ook die straf aan vir diegene wat sonder 'n geldige verskoning nie paasfees vier nie!

By die instelling van die Nagmaal (Luk. 22:19) gee ons Here Jesus ook die opdrag: "Gebruik dit tot my gedagtenis!" En net soos by die instelling van die paasfees hoor ons hier ook die opdrag van die Here! Julle moet dit doen ...!

In Christus Jesus het God ons uit "die slawehuis van die sonde" gered! Daardeur het God sy beloftes gehou van 'n Messias en sy geregtigheid laat geld toe sy Seun aan die kruis gestraf is ter wille van ons! En nou deel ons in God se genade(verbond) en is daar geen ligtelike verskoning meer om sommer net van die sakrament van die Nagmaal af weg te bly nie, maar om dit in opdrag van die Here te gebruik, uit dankbaarheid, sodat niemand ooit sal vergeet nie!

Sing: Psalm 71-1:1, 9

Ds. OJ Struwig (Ockie) (Frankfort)